## 5 Januarie Markus 1:16-20

### *'n Nuwe jaar: nie vrae nie maar dade*

Simon en Simon se broer Andreas was besig om van die kant af met nette in die see van Galilea vis te vang. Terwyl hulle hiermee besig was gebeur daar iets wat nie net hulle lewens ingrypend verander het nie, maar wat elke dag ons lewens steeds ook moet verander: "Jesus het toe vir hulle gesê: kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak". Hierdie opdrag is darem amper halfskokkend! Hoe los 'n mens jou werk net so en gaan agter 'n vreemdeling aan wat net beloftes aan jou maak? En tog gebeur die wonder wat ons hier in die Skrif lees: "Onmiddellik het hulle die nette gelos en Hom gevolg". En dit was nie net Simon en Andreas wat so opgetree het nie, maar ook Jakobus en sy broer Johannes doen dieselfde: "Hulle het hulle pa, Sebedeus, net so saam met die loonarbeiders in die skuit gelaat en saam met Jesus gegaan". As daar ooit vir die nuwe jaar 'n Skrifwoord was wat ten volle deur ons toegepas moet word, dan is dit hierdie Woord.

Hoekom vra ons tog so baie vrae, in plaas daarvan dat ons maar net eenvoudig die Here dien? Watter geweldige verskil gaan dit nie in die nuwe jaar teweeg bring as ons, in plaas van eers al ons besware en probleme, sonder vrae die Here direk dien. Mag God ons deur sy Gees die genade en insig gee om hierdie jaar werklik met ons dade Hom te volg en ons vrae op die agtergrond te skuif.

Ds. D. Laufs (Alberton-Wes)